

17 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 1:1-5
Fokusgedeelte: Johannes 1:1-5

Alles – uit niks

Die Woord is Christus. Johannes leer dat Christus God en mens tegelyk was. Reeds voor die skepping was Hy daar. Om te beweer dat Hy die Woord is, is 'n manier om te sê dat Christus die Een is wat God aan mense gaan openbaar. Hy het die Woord kom verkondig met sy lewe. Hy het Homself kom offer, sy lewe afgelê, vir sy skape.

Die Woord verwys ook na die skepping. Deur Hom het alles ontstaan. Ja, niks het sonder Hom of buite Hom ontstaan nie. Die Woord is skeppingsmagtig en Hy gebied selfs lewe uit die dood. Onthou jy wat Christus in Matteus 28:18 leer, naamlik dat alle mag in die hemel en op aarde aan Hom behoort? Jou Koning besit alle mag. Wat is daar wat jou kan bedreig? Of jou leed kan aandoen as Hy dit nie toelaat nie? Niks en niemand nie – selfs nie eers die dood kan jou skei van God se liefde vir jou in Christus nie.

God is nie deel van die skepping nie. Hy het geskep. God en die Woord is belangriker as die skepping. Die Een wat skep is verhewe bo dit wat geskep is. God is belangriker as ons. As jy die ware lewe wil hê, moet jy dit by die Skepper van die lewe kry. As jy wil weet wat die waarheid is, moet jy na God luister, na die Woord van Christus. As jy soekend is, moet jy antwoorde by God soek, in die Woord. Jy moet nie jou hoop op mense bou nie, want hulle is deel van die skepping. In Christus is daar vir jou lewe en lig in die duisternis van die wêreld. Dit is die lig van die ewige lewe.

Sing: Psalm 146: 1, 2

Ds. W Vogel (Cachet)